higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INHOUD IN MULTIMEDIA
NKR VLAK 3

6 Maart 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Koel
	1.1.2	Grys
	1.1.3	Simbool
	1.1.4	Masker
	1.1.5	Luswerking
	1.1.6	Motion Editor
	1.1.7	Bandwydte
	1.1.8	Digitisering
	1.1.9	720 × 576
	1.1.10	Nie-geïnterlinieerde
	1.1.11	Indeks
	1.1.12	Sans serif
	1.1.13	PDF
	1.1.14	SD-kaart
	1.1.15	Ontwikkeling

(15 × 1) (15)

1.2	1.2.1	E
	1.2.2	I
	1.2.3	J
	1.2.4	H
	1.2.5	D
	1.2.6	A
	1.2.7	B
	1.2.8	C
	1.2.9	G
	1.2.10	K

(10 × 1) (10)

1.3	1.3.1	Waar
	1.3.2	Onwaar
	1.3.3	Onwaar
	1.3.4	Onwaar
	1.3.5	Waar
	1.3.6	Waar
	1.3.7	Waar
	1.3.8	Waar
	1.3.9	Waar
	1.3.10	Onwaar
	1.3.11	Onwaar
	1.3.12	Waar
	1.3.13	Onwaar
	1.3.14	Onwaar
	1.3.15	Onwaar

(15 × 1) (15)

1.4 1.4.1 Karakters/Akteurs
1.4.2 Dekodeerder
1.4.3 Rou/Onverwerkte data
1.4.4 Multimedia
1.4.5 Ink-oorvloei ('bleed')
1.4.6 Nulpunt
1.4.7 Snap, Snap to Guides
1.4.8 Skermresolusie
1.4.9 Dataspoed
1.4.10 Ruimte ('gutter')

(10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 RGB is 'n additiewe kleurstelsel.✓ Rooi, groen en blou✓ lig✓ word saamgevoeg om 'n groter variasie kleure te lewer. Hierdie stelsel word vir skermlewering gebruik, bv. rekenaar, TV, of enige digitale toestelle.
CMYK is 'n subtraktiewe kleurstelsel.✓ Siaan, magenta, geel en swart✓ ink✓ of kleurstowwe word gemeng om 'n groot verskeidenheid kleure te lewer.
Hierdie stelsel word vir drukwerk gebruik. (3 × 2) (6)

2.2 Die kleur verander geleidelik✓ van een waarde na die volgende,✓ byvoorbeeld van lig na donker blou en vertoon 'n reënboog of skadu-effek.

Gradasie in kuns is 'n visuele tegniek waarvolgens een kleurskakering, een tint of een tekstuur geleidelik na 'n ander verander. Ruimte, afstand, atmosfeer, volume en geboë of geronde vorms is sommige van die visuele effekte wat met gradasie geskep word. (3)

2.3 Met die morferingsfunksie ('shape tweening') begin die animasie as een vorm en eindig as 'n ander.✓ Morfering is wanneer die eerste vorm na die laaste vorm verander.✓ Die animasiesagteware plaas rame tussen✓ die twee vorms om 'n vloeiende animasie tot gevolg te hê.
Flash kan morferingsanimasie skep; die eerste en die finale vorm word gespesifiseer en al die rame tussenin word met die outeursinstrument geskep. Dit word morfering genoem. (3)

2.4 'n Maskerlaag ('mask layer') word gebruik om elemente op die onderliggende laag te vertoon✓ of te verskuil.✓ Die maskerlaag word aan nog 'n laag, die gemaskeerde laag ('masked layer'), verbind. Die vorms op die maskerlaag word 'n gat✓ waardeur dele van die gemaskeerde laag vertoon. Die masker beheer wat sigbaar is en wat nie.✓
Wanneer dele van 'n beeld verwyder of verskuil moet word is dit die beste om 'n maskerlaag te skep.✓ Dit het dieselfde effek as die gebruik van die uitveër, meer eerder as om dele van die beeld uit te vee (destruktiewe redigering) word dit net verskuil (nie-destruktiewe redigering).✓ (2)

Kopiereg voorbehou

2.5 Die Event Listener soek 'n gebeure en inisieer dan die funksie, bv. die klik van 'n muis, ens.
Event Listener is 'n prosedure of funksie in 'n rekenaarprogram wat wag op 'n gebeurtenis om plaas te vind; daardie gebeurtenis mag die beweging of klik van die muis wees, die druk van 'n sleutel op die sleutelbord, of 'n interne tydreëlaar of onderbreking. Event Listener is in werklikheid 'n lus wat geprogrammeer is om op 'n inset of sein te reageer. (2)

2.6 Dit verhoed dat die rolprent in 'n lus✓ herhaal.✓
'n Stop is 'n instruksie in ActionScript-programtaal wat vir Flash opdrag gee om 'n bepaalde raam te vries, eerders as om na die einde van die animasie voort te gaan of dit eindeloos te herhaal. (2)

2.7 Om dit vir gebruik op 'n rekenaar of mediaspeler geskik te maak.✓ Om die rolprent te kan speel.✓
Die voordele sluit in: uitstekende beeldgehalte, afstandbeheerde toeganklikheid, verspreide intelligente videovermoëns,✓ maklike installasie en integrasie,✓ en beter skaalbaarheid,✓ buigsaamheid en kostedoeltreffendheid.✓ Beeldgehalte is duidelik een van die belangrikste kenmerke van enige kamera, indien dit nie die belangrikste is nie.✓ (2)

2.8 Elke deel van die beeld word na pixels of beeldelemente✓ omgeskakel.✓ Elke pixel word as 'n mengsel van rooi, groen en blou opgeneem.✓ Hoe meer pixels gebruik word, hoe beter is die gehalte van die beeld.✓
'n Digitiseringsproses word dikwels gebruik om analoogdata, soos media, klank, beeld en teks, in twee diskrete stappe (monsterneming en kwantisering)✓ na 'n numeriese aanbieding✓ om te sit. In die eerste stap word monsters van data teen gereelde tussenposes geneem, soos die rooster pixels wat gebruik word om 'n digitale beeld te verteenwoordig.✓ (3)

2.9 Rich Text-lêers met die uitbreiding .rtf word deur woordverwerkers geskep en mag teks met formattering en style, beelde en grafiese elemente insluit.
RTF is 'n tekslêerformaat wat in Microsoft-produkte soos Word en Office gebruik word. RTF, of Rich Text Format-lêers is deur Microsoft vir gebruik in hul produkte en vir dokumentewisseling tussen platforms ontwikkel. RTF kan deur die meeste woordverwerkers gelees word. (2)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Gelyke en ongelyke aftaslyne✓ word gekombineer✓ en saam in 'n volgorde 1–2–3✓ gereproduseer.✓
Geïnterlinieerde aftasting is 'n vertoonseintipe waarin een helfte van die horisontale pixelrye in een siklus verfris word en die ander helfte in die volgende siklus. Dit beteken dat twee aftastings nodig is om die skermbeeld te vertoon.✓
Die *i* in televisie-seinspesifikasies soos 1080i verwys na *interlinieëring*. Die syfer dui op die aantal horisontale lyne in 'n raster.✓ In geïnterlinieerde aftasting word afwissellende rye pixels in elke siklus verfris.✓ Dit beteken dat in 'n 60hz-sein, afwissellende pixelrye teen 30hz elk verfris word. Die verfrissing van die helfte van die pixelrye in 'n siklus beperk die bandwydte wat vir die vertoning nodig is.✓ (3)

3.2 Dit verwys na datasamedrukking✓ (bv. enige video of klank) wat onnodige inligting✓verwerp en 'n baie kleiner lêer tot gevolg het.✓ (3)

3.3
- 'n Kodek is 'n toestel of rekenaarprogram✓ wat 'n digitale datastroom of sein✓ kan enkodeer of dekodeer.✓
- 'n Kodek is 'n toestel of rekenaarprogram vir die enkodering en dekodering van 'n digitale datastroom of sein.✓ 'n Kodek is 'n enkodeerder-dekodeerder-kombinasie.✓
- 'n Kodek enkodeer 'n datastroom of 'n sein vir transmissie en berging, moontlik in geëkripteerde vorm, en die dekodeerderfunksie keer die enkodering om sodat dit teruggespeel of geredigeer kan word. Kodeks word vir videokonferensies, mediastroming en videoredigeringstoepassings gebruik.✓ (3)

3.4 Nabeeldwerking vewys na die optiese illusie✓ waardeur meervoudige diskrete beelde tot 'n enkele beeld in 'n mens se brein saamsmelt. Dit word as verklaring vir die persepsie van beweging in films en geanimeerde films✓ voorgehou. Nabeeldwerking vind plaas omdat die menslike oog en brein slegs 10 tot 12 afsonderlike beelde per sekonde kan verwerk en 'n beeld vir tot 'n vyftiende van 'n sekonde kan behou.✓
Rolprente bestaan uit 'n reeks afsonderlike prente✓ wat teen 24 prente per sekonde op 'n skerm vertoon word.✓ Wanneer 'n mens na 'n rolprent kyk, vertoef elke beeld lank genoeg op die retina om met die volgende beeld saam te smelt en tot nabeeldwerking te lei.✓ 'n Mens merk nie eens op dat die rolprentskerm die helfte van die tyd donker is nie.✓ (4)

3.5 Die ruimtes ('gutters') in 'n bladsy-uitleg skei ontwerpelemente van mekaar.✓ Sonder genoeg ruimte tussen kolomme teks of die inhoud op aangrensende bladsye,✓ loop hierdie elemente saam en word dit moeilik om te sien en te lees.✓ Wanneer 'n mens in Adobe *InDesign* werk, word die verskillende dokumentvlakstellings gebruik om die afstande tussen bladsy- en uitleg-elemente te beheer, wat enkel- en multikolom-teksrame insluit.✓ (2)

Kopiereg voorbehou

3.6
- Lyn
- Kleur
- Vorm
- Ruimte
- Tekstuur
- Tipografie
- Skaal (Grootte)
- Dominansie
- Klem (Enige 4 × 1) (4)

3.7 3.7.1 Letterspasiëring/sporing verwys na die vergroting✓ of verkleining van die spasie✓ tussen letters/woorde.

3.7.2 Dit beïnvloed die eerste lyn teks of paragraaf✓ en begin verder van die kantruimte✓ af as die hoofdeel van die teks of nader aan die kantruimte (inkeping of uitkeping).

3.7.3 'n Knipkring ('clipping path') in *InDesign* word gebruik om die agtergrond✓ van 'n beeld uit te knip sodat 'n kontoer om die voorwerp gevorm en teks daarom gepas kan word.✓

(3 × 2) (6)
[25]

VRAAG 4

4.1
- Mashoof
- Hoofbeeld
- Datumlyn
- Hoofdeklyn ('main cover line')
- Subdeklyne ('sub cover line')
- Staafkode
- Prys (Enige 4 × 1) (4)

4.2 Dit verbind✓ een deel teks met 'n ander.✓ (2)

4.3
- Digitale kamera
- Slimfoon
- Tablet
- Notaboek
- Rekenaar
- Draagbare oudiotoestel
- Luidsprekers
- Mikrofoon
- Aftaster
- Tekentablet
- Verwyderbare skyfbergingstoestel (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

4.4 4.4.1 Dit is die beplanningstadium✓ waar konseptualisering✓ plaasvind. Lede van die produksiespan hou ’n dinkskrum✓ om tipes skote,✓ ligging en karakters te visualiseer. Die draaiboek wat plasing, dialoog, agtergrond, klank, en visuele effekte insluit, word geskryf. 'n Beelddraaiboek word met rowwe sketse (kiekies 'thumbnails') geskep om te visualiseer hoe elke skoot sal lyk en om die volgorde te hersien. (4)

4.4.2 Die produksieplan kombineer elemente soos die tipe kameraskote,✓ stilbeelde,✓ musiek,✓ oorgange,✓ titels, rekwisiete, kostuums, beligting, klankeffekte, tekselemente soos titels en krediete. Tydens die produksiestadium is beplanning, voorbereiding en tydskedulering belangrik. Die gehalte van die beeldmateriaal bepaal die gehalte van die video. (4)

4.4.3 Tydens naproduksie word die video geredigeer,✓ byvoorbeeld die volgorde✓ of snelheid✓ van skote. Musiek word bygevoeg om stemming te skep. Klankeffekte kan bygevoeg word om 'n sin van realiteit te bied. (3)

4.4.4 Afronding en publikasie verwys na die leweringsmetodes✓ wat afhang van die gehoor, doel en verspreidingsmetode.✓ Die video kan saamgedruk✓ of aanlyn gepubliseer word. (3)

[25]

VRAAG 5

5.1
- Draaiboekskrywer
- Teksredigeerder
- Inhoudspesialis
- Produksiebestuurder
- Rekenaargrafika-kunstenaar
- Multimedia-argitek/programouteurspesialis/programopsteller
- Animeerder
- Klankspesialis (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

5.2
- Die draaiboekskrywer is verantwoordelik vir die skryf van die draaiboek vir die hele projek;✓ titels op knoppies vir navigasie,✓ instruksies wat die gebruiker deur die produk lei, die storie van die produk.
- Die teksredigeerder redigeer alle teks wat in die produk verskyn;✓ verseker dat alle teks strutureel, logies en grammaties korrek✓ is; sonder spelfoute.✓
- Die inhoudspesialis is verantwoordelik vir navorsing,✓ ordening en seleksie van alle inligtingsbehoeftes vir die projek;✓ agtergrondinligting; onlangse en relevante tendense; verseker dat dit wat wat geproduseer word, oorspronklik is.
- Die produksiebestuurder bestuur die projek;✓ verseker dat alle spanlede dieselfde doel voor oë het;✓ doeldatums gehaal en inhoud gelewer word; skeduleer alle werk.✓
- Die rekenaargrafika-kunstenaar is daarvoor verantwoordelik om alle grafiese elemente✓ van die produksie te skep, byvoorbeeld uitleg,✓ logo's,✓ 3D-voorwerpe, knoppies, grafika en prente.✓
- Die multimedia-argitek/programouteurspesialis/programopsteller integreer alle grafika, teks, oudio, musiek, video, foto's en animasie met 'n outeursprogram; hy skryf die programmeringsdraaiboek✓ van die hele projek, verseker dat die data opeenvolgend en logies vloei; verseker dat die produk werk.✓
- Die animeerder is verantwoordelik vir die skepping van alle elemente vir animasie; van karakterontwerpe tot die teken van die storie-opeenvolging in rame.✓
- Die klankspesialis is verantwoordelik vir die opname en redigering van vertelling, musiek en klankeffekte.✓ (Enige 5 × 2) (10)

5.3
- Adobe Premier Pro
- Moviemaker
- Pinnacle Studio
- Final Cut (Enige 3 × 1) (3)

5.4
- JPEG/JFIF
- JPEG 2000
- Exit
- TIFF
- GIF
- BMP
- PNG (Enige 4 × 1) (4)

5.5 'n Gebruikerkoppelvlak✓ stel die gebruiker in staat om met die program in interaksie✓ te tree, byvoorbeeld 'n OTM✓ wat die gebruiker stapsgewys lei met vrae soos, 'Wil jy onttrek/deponeer?'.
Die *gebruikerkoppelvlak* is alles wat in 'n inligtingstoestel ontwerp is waarmee 'n persoon in interaksie kan tree.✓ Dit kan vertoonskerms, sleutelborde, 'n muis en die voorkoms van die werkskerm insluit. Dit is ook die manier waarop 'n gebruiker met 'n toepassing of webwerf in interaksie tree.✓ (3)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou